

**Senior Kategese**  
**18 - 24 Augustus 2019**  
**Hebreërs 12: 29 - 12: 2**

**Agtergrond (Daar):**

Vandag lees ons oor helde. Mense wat met moed en geloof vasgehou het aan God in moeilike omstandighede. Hulle word as helde beskou, selfs al het hulle geloof nie noodwendig verseker dat alles vir hulle goed uitgewerk het nie. Gaan kyk gerus na die lys van helde wat hier genoem word en gaan kyk ook na hoe dinge vir hulle uitgewerk het.

God se helde lyk soms anders as wat ons dink hulle moet.

**Ysbreker (Hier en Nou)**

Gee elkeen kans om te sê wie hulle helde is?

As elkeen hulle helde genoem het kan julle ook kans gee dalk elkeen vertel waarom hulle hierdie persoon bewonder?

Kyk of daar ooreenkomste is in die redes wat elkeen gee? (bv. die persoon se toewyding, prestasies ens.).

**Word stil**

Lees **Psalm 80: 1-2, 8-19** terwyl die ander dit in hulle harte saambid.

Indien moontlik: bring 'n Kinderbybel saam na die byeenkoms.

Blaai as groep deur die Bybel en kyk watter geloofshelde julle self kan onthou.

Lees selfs een se verhaal wat hier in Hebreërs genoem word.

**Wat sê die Bybel? (Daar en Dan)**

Lees **die fokus teks**. As daar tyd is, kan elkeen dit weer op hulle eie lees.

<sup>29</sup>Omdat die Israeliete geglo het, het hulle deur die Rooisee getrek soos oor droë grond, terwyl die Egiptenaars verdrink het toe hulle dit ook probeer doen het. <sup>30</sup>Omdat die Israeliete geglo het, het die mure van Jerigo geval nadat hulle sewe dae daaromheen getrek het. <sup>31</sup>Omdat Ragab, die prostituut, geglo het, het sy die verkenners vriendelik ontvang en het sy nie omgekom saam met dié wat aan God ongehoorsaam was nie. <sup>32</sup>En wat moet ek nog meer sê? Die tyd ontbreek my om te vertel van Gideon, Barak, Simson en Jefta, van Dawid, Samuel en die profete. <sup>33</sup>Deur die geloof het hulle koninkryke verower, die reg van God gehandhaaf en verkry wat God belof het; hulle het leus se bekke toegestop, <sup>34</sup>gloeierende vuur geblus en aan die swaard ontkom; hulle het in swakheid krag ontvang, was sterk in oorlog en het die leërs van vreemdes op die vlug gejaag. <sup>35</sup>Vroue het hulle dooies teruggekry, opgewek uit die dood.

Ander gelowiges wou nie die prys vir hulle eie vrylating betaal nie en is doodgemartel; hulle wou die opstanding tot 'n beter lewe deelagtig word. <sup>36</sup>Ander weer het bespotting en lyfstraf verduur, selfs boei en gevangenskap. <sup>37</sup>Gelowiges is met klippe doodgegooi, in stukke gesaag, met die swaard vermoor. Hulle het rondgeswerf in skaapvelle en in bokvelle. Hulle het gebrek gely, is verdruk en mishandel. <sup>38</sup>Die wêreld was hulle nie werd nie; hulle het rondgeswerf in woestyne en op berge en het in grotte en in gate in die grond gelewe. <sup>39</sup>En hoewel daar oor hulle almal vanweë hulle geloof met soveel lof getuig is, het hulle nie verkry wat belof is nie, <sup>40</sup>omdat God vir ons iets beters beoog het, sodat hulle nie sonder ons die voleinding sou bereik nie.

**12** Terwyl ons dan so 'n groot skare geloofsgetuies rondom ons het, laat ons elke las van ons afgooi, ook die sonde wat ons so maklik verstrik, en laat ons die wedloop wat vir ons voorlê, met volharding hardloop, <sup>2</sup>die oog gevestig op Jesus, die Begin en Voleinder van die geloof. Ter wille van die vreugde wat vir Hom in die vooruitsig was, het Hy die kruis verduur sonder om vir die skande daarvan terug te deins, en Hy sit nou aan die regterkant van die troon van God.

## **Inligting vir die begeleier:**

Hebreërs 11 laat mens op 'n manier aan 'n foto-album dink. Om Hebreërs 11 te lees is soos om deur 'n foto-album te blaai en na die foto's van persone en gebeure te kyk wat 'n bepaalde invloed op jou lewe gehad het. Daar's foto's van ooms en tantes en grootouers, lank voordat jy op die toneel verskyn het; dan is daar die foto van jou waar jy op jou ma se skoot gesit het of saam met jou pa onder die sambreel; die eerste baba-foto's, skool- en gradeplegtigheidfoto's en troufoto's! Al die foto's maak herinneringe in jou wakker van mense wat in moeilike en goeie tye saam met jou was. Hebreërs 11 help ons kyk na die foto's in die galery van geloofshelde: die Israeliete droogvoets deur die Rooisee en wat die mure van Jerigo laat val het, Ragab wat die verkenners weggesteek het, Gideon, Simson, Dawid, Samuel, die foto's van hulle wat die triomf van hulle geloof ervaar het, maar ook van diegene wat in swakheid gespot, gemartel en doodgemaak is. Blaai nou deur die foto-album (lees) van **Hebreërs 11: 29 - 12: 3**.

## **Gesels dan hieroor:**

- ✦ Noem enige iets uit die gedeelte wat jou geraak het.
- ✦ Of enige vrae wat jy nou het.

## **Hier:**

- ✦ Kyk of julle 'n lys kan maak van die geloofshelde wat hier genoem word.
- ✦ Probeer dan bepaal hoe dinge vir elkeen uitgewerk het.

Hou die emosie-kaart omhoog. Gee paar sekondes van stilte sodat elkeen sy eie emosie kan identifiseer op die emosie-kaart. Nooi hulle uit om in kort sin te verduidelik watter emosie in hulle losgekam het tydens vandag se les.

## **Nou:**

- ✦ Sou julle sê almal se stories het mooi geloop en goed afgesluit?
- ✦ Watter ooreenkomste sien julle in hierdie geloofshelde se stories?

Vra vir die groep aan watter verhoudings in hulle eie lewe hierdie teks hulle herinner het. Gebruik die verhoudings-kaart as hulpmiddel.

## **Voor:**

- ✦ Hier is 'n beeld wat ons kan help in die tye wanneer ons swaarkry of sukkel.
- ✦ Dat ons soos 'n atleet wat deelneem aan 'n wedloop sal:
  - † Fokus op Jesus (konsentreer op die feit dat Jesus reeds die wedloop namens ons gewen het)
  - † Ons sal uitkyk vir ons ondersteuners (ouers, vriende)
  - † Dat ons ons nie sal besig hou met dinge wat ons aandag kan aftrek van ons doelwit af nie.

Gebruik die dromer-kaart en vra vir die groep wat hulle dink God se Gees vir hulle sê oor die verhouding of verhoudings waaraan hulle gedink het.

## **Verder:**

- ✦ God weet dat die wedloop van die lewe baie uitdagings aan ons stel. Daarom laat hy ons nie alleen deelneem nie. Hy gee vir ons ondersteuners (a rent a crowd). Hulle wil ons aanmoedig en help waar hulle kan. Daardie ondersteuners is ook hierdie kleingroep.
- ✦ Deel met mekaar waarmee jy hierdie week ondersteuning gaan nodig hê.

Gebruik die verteller-kaart en vra vir elke deelnemer wat hierdie week vir hom of haar voorlê? Wat beplan hulle vir hierdie week?

## **Gebed:**

Is daar enige iets waarvoor die groep vir jou kan bid?

Bid dan nou vir die sake waarvoor elkeen gevra het dat hulle in die volgende tyd ondersteuning gaan nodig hê.

## **Onthou julle nog die ABC van gebed?**

### Aanbidding

“Here, ek aanbid U, want...”

### Belydenis

“Here, vergewe my vir...”

### Voorbidding

“Ek bid vandag vir...”

### Danksegging

“Dankie, vir...”

### Eie behoeftes en toewyding

“Here, help my om...”